



Wes-Kaapse
Regering

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Direktoraat: Kurrikulum VOO

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

HERSIENINGSBOEKIE 2025

KWARTAAL 2

Graad 12



Hierdie hersieningsprogram is ontwerp om jou te help met die hersiening van die kritieke inhoud en vaardighede wat gedurende die tweede kwartaal behandel word. Die doel is om jou voor te berei om sleutelkonsepte / vaardighede te verstaan en om jou die geleentheid te bied om die vereiste standaard en kennis te verwerf wat nodig is om in die eksamen te slaag.

Inhoud

DATA VIR DIE HERSIENING	1
VRAAG 1: WOORDVERWERKING	2
VRAAG 2: WOORDVERWERKING	3
VRAAG 3: SIGBLAD	4
VRAAG 4: SIGBLAD	5
VRAAG 5: DATABASIS.....	6
VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML).....	8
VRAAG 7: ALGEMEEN.....	9

DATA VIR DIE HERSIENING


Die lêers wat jy nodig het om die hersiening van kwartaal 2 te voltooi, is beskikbaar op die eLearning platform van die WKOD en kan verkry word vanaf die skakel: [GR 12 REVISION DATA](#). Die lêers word verskaf in die vorm van wagwoordbeskermdede uitvoerbare lêers.

LET WEL: Kandidate moet die lêer **Gr12DataTerm2.exe** gebruik.

Doen die volgende:

- Dubbelklik op die wagwoordbeskermdede uitvoerbare lêer.
- Klik op die 'Extract'-knoppie.
- Voer die volgende wagwoord in: **Fun4Today**

Sodra dit onttrek is, sal die lys lêers beskikbaar wees in die gids **Gr12DataTerm2**. Die lys van lêers in die gidse is:



Die nasienriglyn is ingesluit in die lêergids wat die datalêers bevat.

VRAAG 1: WOORDVERWERKING

SCENARIO

Die oormatige deel van sosiale media deur die inligtingsbedryf sowel as individue kan 'n gevaar vir mense, hul kinders en hul maatskappye inhou.

Maak die **1Oversharing**-woordverwerkings-dokument, 'n verslag geskryf deur Brian Pinnock, 'n kuberveiligheidskenner by Mimecast, oop.

1.1 Maak die volgende veranderinge aan die opskrif, 'Social media oversharing can be a danger to people':

- 1.1.1 Verander die lettertipe (*font*) van die teks na klein hoofletters (*small caps*) en die lettergrootte na 16 pt. (2)
- 1.1.2 Formateer die opskrif om soos volg te vertoon:



SOCIAL MEDIA OVERSHARING CAN BE A DANGER TO PEOPLE.

By Brian Pinnock

(1)

1.2 Vind die naam 'Brian Pinnock' bo die prentjie op die eerste bladsy.

- Voeg 'n voetnota (footnote) op 'Pinnock' in.
- Gebruik pasgemaakte merk (custom mark) Karakterkode 167.
- Die voetnota moet soos volg vertoon:

* cybersecurity expert

(3)

1.3 Maak die nodige veranderinge aan die prent op die eerste bladsy om dit soos volg te vertoon:

Posting intimate details of our personal and professional online gives cybercriminals valuable information. (Avishek Das/SOPA Images/LightRocket via Getty Images)

Is our propensity for sharing every detail of our lives — and the lives of our children — putting ourselves, our friends and family and even our employers and colleagues at risk?

There is a growing consensus among cybersecurity specialists that the information we freely share to the likes of



(3)

1.4 Verander die uitleg van die styl 'Sharing' soos volg:

- Verander die paragraafspasiëring voor (paragraph spacing before) na 10 pt,
- Dateer alle voorkomste van die styl op om die verandering te weerspieël. (2)

1.5 Soek die teks wat begin met 'There is a growing consensus ' en eindig met 'obtain elsewhere' en bring die volgende veranderinge aan:

- Justeer (justify) die teks.
- Stel die paragraaf spasiëring na op 6 pt.
- Stel die lynspasiëring (*line spacing*) op *multiple at 1.3*. (3)

- 1.6 Vind die opskrif 'Weaponising our personal data ' op bladsy 1. Wysig die hiperskakel op die rooi teks in die eerste reël onder die opskrif om slegs na die webwerf <https://www.verizon.com> te skakel. (1)
- 1.7 Vind die sitaat (*citation*) in die tweede paragraaf onder die opskrif 'Sharenting' poses additional risks':
- Verander die skrywer van die bron, Mail and Guardian, na Brian Pinnock.
 - Vertoon slegs die outeur in die sitaat. (2)
- 1.8 Vind die genommerde lys teen die einde van die dokument. Verander die genommerde lys soos volg na 'n kolpuntlys (*bulleted list*):
- gebruik Webdings ☼ (Karakterkode 230) as die kolpuntsimbool;
 - Plaas die kolpunte op 1 cm van die kantlyn en die teks 0.8 cm vanaf die koeël.
 - Gebruik 'n woordverwerkingsfunksie om te verseker dat die paragraaf voor die lys nie van die lys geskei sal word as dit oor twee bladsye strek nie. (3)
- 1.9 Vind die oranje pyltjie bo die Bibliografie: Voeg 'n skakel op die pyltjie in, sodat wanneer dit geklik word, dit die gebruiker terug sal neem na die bokant van die dokument. (2)
- 1.10 Voeg 'n outomaties gegenereerde bibliografie in op die laaste bladsy onder die opskrif Bibliografie. (1)
Stoor en maak die **1Oversharing**-dokument toe. [23]

VRAAG 2: WOORDVERWERKING

Een van die top 25 YouTube-beïnvloeders se profiel is ontleed om sy netto waarde te bepaal. Maak die **2PewDP**-woordverwerkings-dokument oop wat op sy verdienste gebaseer is en wysig die dokument soos volg.

- 2.1 Inligting van die skrywer word gevind in die alternatiewe teks (*alternative text*) van die prent op bladsy een. Kopieer die relevante besonderhede na die outeur eienskap (*author property*) van die dokument. (1)
- 2.2 Maak die nodige veranderinge aan die voetnota (*footnote*) op die hoofopskrif op bladsy een, sodat die nota op die laaste bladsy van die dokument vertoon. (1)
- 2.3 Redigeer die prent om te verseker dat dit korrek vertoon en lees. (1)
- 2.4 Verander die hoofletter A, in die eerste paragraaf, na 'n gedaalde hoofletter (*dropped cap*). (1)
- 2.5 Soek die teks "troubled" in die eerste paragraaf en vervang dit met enige sinoniem (*synonym*) uit die lys verskaf in die Tesourus. (1)
- 2.6 Soek die teks wat begin met "Net Worth ... en eindig met ...2023". Skakel die teks om (*convert*) na 'n tabel wat bestaan uit twee kolomme met 'n vaste breedte van 8 cm elk. (3)
- 2.7 Vind die tweede paragraaf wat spoorveranderinge (*track changes*) bevat onder die opskrif "PewDP Proves good living online". Gebruik 'n woordverwerkingsfunksie om die geskrapte teks te behou en al die opsporing (*tracking*) te stop. (2)
- 2.8 PewDP se jongste YouTube-video's met die aantal besigtigings (*views*) en opmerkings word in 'n tabel gelys wat oor twee bladsye strek. Redigeer die tabel soos volg:
- 2.8.1 Gebruik 'n tabelkenmerk om te verseker dat die boonste twee opskrif rye ook op die tweede en daaropvolgende bladsye sal vertoon. (2)
- 2.8.2 Voeg 'n funksie in die geel geskakeerde sel in om die hoogste aantal besigtigings (*views*) te bereken. (2)

- 2.9 'n Sakrekenaartabel is geskep om die bedrag wat vir YouTube- besigtigings verdien word, te bepaal. Redigeer die sakrekenaar soos volg:
- 2.9.1 Skei (*separate*) "**The YouTube Money Calculator**" van die res van die tabel om as 'n tabel op sy eie te verskyn. (1)
- 2.9.2 Voeg die video "Saying Goodbye is Hard", gevind in die "Recently Published Videos"-tabel, by die aftreklys (*dropdown list*) van video's. (1)
- 2.9.3 Vind die teksvormveldkontrolle (*text form field control*) wat by die laaste sel gevoeg is.
Wysig die datatipe (*data type*) van die kontrolle om 'n gebruiker in staat te stel om 'n totaal van bedrae te vertoon. (1)
- 2.10 Voeg outomatiese bladsynommering in die voetskrif (*footer*) by, in die formaat X van Y. (2)

Stoor en maak die **2PewDP**-dokument toe. [19]

VRAAG 3: SIGBLAD

LET WEL: Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.


Maak die **3UsersGebruikers** sigblad, oop wat data oor sosiale media gebruikers bevat.

Werk in die **UserDetails**-werkblad.

- 3.1 Formateer **sel A2** om dieselfde as **sel A1** te vertoon. (1)
- 3.2 Verander die hoogte van **ry 3** na 15 pt. (1)
- 3.3 Formateer al die opskrifte in **ry 7** sodat hulle horisontaal en vertikaal gesentreer is. (1)
- 3.4 Gebruik voorwaardelike formatering (*conditional formatting*) in **kolom E** om die sel agtergrond te vul met enige kleur van jou keuse, indien die geborgde bedrag in **kolom D** meer as R1000 is. (4)
- 3.5 Voeg 'n funksie in **sel C4** in om die langste duur van kontrakte in **kolom G** te bepaal. (1)
- 3.6 Voeg 'n funksie in **sel C5** in om die gemiddelde bedrag wat per gebruiker in **kolom D** ontvang word, te bepaal.
Rond hierdie bedrag af tot die naaste rand. (3)
- 3.7 Die begindatum van die borgskapkontrak word in **kolom H** aangedui en die duur van die kontrak in maande word in **kolom G** aangedui.
Gebruik die datumfunksie wat reeds in **sel I8** ingevoeg is en maak die nodige veranderinge daaraan om die einddatum van die kontrak vir Marilyn Suggitt te bepaal. (1)
- 3.8 Die Applications-werkblad stoor die kode wat aan gebruikers toegeken is wat van 'n spesifieke toepassing gebruik maak.
Voeg 'n VLOOKUP-funksie in **sel J8** in om te bepaal watter toepassing Marilyn Suggitt gebruik.
Gebruik die gebruikerskode (*user code*) EN die tabel in die Applications-werkblad. (4)

Werk in die **Graph**-werkblad.

3.9 Formateer die grafiek om soos hieronder te vertoon:



LET OP:

- Gestapelde vul-effek vir Facebook-kolom met behulp van die **3facebook**-prent wat in die eksamenlêergids gestoor is.
- Twitter-kolom verwyder van grafiek, sonder om die data van die oorspronklike blad te verwyder.
- Die as titels (*axis titles*).
- Data etikette (*data labels*).
- Die teksrigting op die horisontale as.

(5)

Stoor en maak die **3UsersGebruikers**-sigblad toe.

[21]

VRAAG 4: SIGBLAD

'n Sigblad **4GameSpeel** wat die telling en intekening van aanlyn-spelers bevat, is deur die voorsitter van die aanlyn-speletjieklub geskep. Hy vra jou hulp om dit te voltooi.

Maak die sigblad oop om die volgende te voltooi:

4.1 Verwyder die opsie "swart" in die data validering (*data validation*) opsies vir al die selle in **kolom I**

(1)

4.2 Gebruik 'n SUMIFS-funksie in **sel H191** om die totale telling van vroulike (*female*) spelers van die Wes-Kaap (WC) te bereken.

(5)

4.3 Kolom G bevat 'n kode vir elke speler wat soos volg saamgestel is:

- Voorletters (kolom B) en van (kolom C) van die speler
- Die provinsie (kolom F)
- Die geslag van die speler in klein letters (kolom H)
- Die eerste letter van speletjiekleur (kolom I.)
- Slegs die jaar van geboorte (kolom D).

Tami Aileen se kode in **sel G7** is onvolledig.

Ondersoek die funksie wat in die sel ingevoeg is noukeurig en pas dan aan en voeg by om sy kode volgens die vereistes hierbo te voltooi. (4)

4.4 Afslag op intekeninge word bereken volgens die ouderdom van die speler.

- Spelers ouer as 50 jaar kry 'n afslag van 10%
- Spelers tussen 25 en 50 kry 'n afslag van 5%
- Geen afslag word gegee aan spelers jonger as 25 nie.

Die intekenbedrag word in **N1** gevind.

Daar is probeer om die afslag in **sel N3** vir die eerste speler te bereken, maar die funksie wys nie die korrekte antwoord nie.

Verander die funksie na 'n **geneste IF-stelling** om voorsiening te maak vir al drie toestande hierbo.

'n Leë sel moet vertoon word as 'n speler jonger as 25 is, maar die afslagbedrag moet vir spelers 25 en ouer vertoon word.

Vul die funksie na die oorblywende selle in die kolom. (6)

4.5 Gebruik 'n kombinasie van funksies in **sel O3** om die bonuspunte wat aan Claudius Abbot toegeken is, te bepaal.

Bonuspunte word bereken deur 'n funksie te gebruik om die hoogste telling uit die drie rondtes (kolom J tot kolom L) te bepaal en die antwoord te deel deur 'n getal tussen 5 en 10 wat outomaties deur 'n funksie gegenereer word. **WENK:** Jy mag boublokke gebruik. (4)

Stoor en maak die **4GameSpeel**-sigblad toe. [20]

VRAAG 5: DATABASES

'n Databasis is geskep oor die sosiale media-platforms wat gebruik word.

Maak die databasis **5SocialMedia** oop

5.1 Maak **tbl5_1**-tabel oop in Ontwerp-aansig (*Design View*):

5.1.1 Verander die veldgrootte vir die Van-veld na 'n toepaslike grootte. (1)

5.1.2 Skep 'n toevoermasker (*input mask*) vir die *Participant_Code* in die volgende formaat:

TWEE verpligte syfers, gevolg deur die "&" teken, gevolg deur

TWEE hoofletters. (4)

5.1.3 Verander die datatipe van die WIFI-veld sodat die gebruiker 'n regmerkie kan invoeg as Wifi beskikbaar is. (1)

5.1.4 Wysig die veldeienskappe (*field properties*) van die *Favourite_Social_Media* -veld om die opsies van die verskillende soorte sosiale media wat in die *Social_Media* -tabel gelys word in alfabetiese volgorde te vertoon.

Verander 'n eienskap van die veld om te verhoed dat die gebruiker hul eie waardes (*values*) byvoeg. (4)

5.1.5 Skep 'n valideringsreël (*validation rule*) vir die *Hours_per_day* -veld om by die valideringstekst (*validation text*) te pas. (2)

Stoor en maak **tbl5_1** toe.

5.2 Maak die vorm **frm5_2** gebaseer op die **tblData**-tabel in Ontwerp-aansig (*Design View*): oop. Verander die vorm om te vertoon soos in die voorbeeld hieronder:

Let op:

- Hoe die prentjie in die raam pas,
- Die datatipe vir die veld MoneySpent,
- Die beheerknoppie (control button),
- Die rangskikking van die velde. (5)

5.3 Maak die **qry5_3**-navraag oop in Ontwerp-aansig (*Design View*): Verander die navraag om slegs die name en vanne te vertoon van al die vroue wie se eerste keuse van sosiale media Facebook is. (3)

5.4 Skep 'n navraag (*query*) genaamd **qry5_4** gebaseer op **tblData**. Verander die navraag om slegs die name en vanne te vertoon van al die vroue wie se eerste keuse van sosiale media Facebook is.

SocialMedia_1	CountOfSocialMedia_1
Facebook	21
Instagram	13
Pinterest	14
Tiktok	17
Twitter	12
WhatsApp	23

5.5 Maak die navraag **qry5_5** in Ontwerp-aansig oop en doen die volgende:

- Sorteer die Hours-veld om die hoogste getal eerste te vertoon.
- Voeg 'n berekende veld genaamd Price2023 in om die verhoogde prys van die pakkette te bepaal, deur die volgende in gedagte te hou:
- Datapakkette van R150 en meer het met 12% gestyg.
- Formateer die verhoogde prys om in geldeenheid (*currency*) te vertoon. (6)

5.6 Maak die verslag **rpt5_6** oop gebaseer op die **ReportData**-navraag en verander dit soos volg:

- Verwyder die Gender etiket en veld,
- Groepeer die verslag op SocialMedia_1,
- Voeg 'n funksie en geskikte etiket in om die gemiddelde geld wat aan data bestee word vir elke tipe sosiale media te bepaal,
- Formateer die bedrag om slegs 2 desimale te vertoon.

Stoor en maak die **rpt5_6**-verslag toe. (6)

Stoor en maak die **5SocialMedia**-databasis toe. [35]


VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)

6.1 Maak die onvolledige **6_1Media.html**-lêer in 'n webblaaier en in 'n teks/HTML-redigeerder oop.

6.1.1 Wysig die kode sodat die teks "Social Media" in die blaaieroortjie verskyn. (1)

6.1.2 Vind die teks "Importance of Social Media in today's world" in die eerste paragraaf. Pas 'n opskrifstyl daarop toe wat die opskrif in 'n groter lettertipe as die res van die teks sal vertoon. (1)

6.1.3 Soek die subtitel " Entertainment " en die paragraaf daaronder, en verander die paragraaf om soos die skermskoot hieronder te vertoon (ignoreer die raam):



LET OP:

- Die lettertipe is Comic Sans MS.
- Die lettertipe is rooi.
- Die teksformatering wat toegepas is. (5)

6.1.4 Nommer die items onder die opskrif "Benefits of Social Media" sodat hulle as volg verskyn:

Benefits of Social Media

- Direct Contact with Target Audience
- Increasing Popularity with Ease
- Better Traffic
- Create a Lasting Image

By Simplilearn

(2)

6.2 Maak die onvolledige **6_2Table.html**-lêer in 'n webblaaier en in 'n teks/HTML-redigeerder oop.

Voltooi die tabel op die webblad om presies te lyk soos in die voorbeeld hieronder.

Social Media Platform		Users
Tik Tok		Teenagers
Facebook		Influencers
LinkedIn		Professionals

LET OP:

- Spasie tussen selle is 10 pt.
- Die posisie van die prentjie.
- Gebruikers wat swak sien of blind is, moet gehelp word wanneer 'n skermleser die teks "Social Media and users" hardop lees. (5)

Stoor en maak die **6_2Table**-lêer toe.

EEN punt sal toegeken word vir die korrekte gebruik van sluitingsetikette, nesting en driehoekige hakies (*closing tags, nesting and triangular brackets*) in beide vrae. (1)

[15]

VRAAG 7: ALGEMEEN

Wêreldwye navorsing oor sosiale media en inligting oor beïnvloeders (*influencers*) is in dokumente opgeneem.

- 7.1 Die dokument **7GlobalStats** bevat statistieke oor die gebruik van sosiale media. Maak die **7GlobalStats**-woordverwerkingsdokument oop en berei die navorsing voor deur die volgende te doen:
- 7.1.1 Voeg die prentjie **7GlobalStats** in die **7StatsReport** onder die opskrif 'Essential digital stats for April 2023' in.
- Pas die prentjie volgens die instruksies in die kommentaar aan. (3)
- Stoor maar **moenie** die dokument toemaak nie.
- 7.1.2 Maak die **7Info**-sigblad oop. Werk op die *Graph* blad.
- Kopieer die grafiek en gebruik Paste Special om dit as 'n skakel onderaan die **7GlobalStats**-dokument te plak. (2)
- 7.1.3 Gaan voort om in die **7Info**-sigblad op die *Name* blad te werk:
- Pas 'n naam reeks (*named range*) toe op **A2 tot F10**.
 - Noem die reeks **CI**. (2)

Stoor en maak **7GlobalStats** en **7Info** toe.

- 7.2 Maak die databasis **7Influencers** oop en doen die volgende:
- 7.2.1 Gebruik 'n databasiskenmerk om die rekords van die ADD-blad in die **7Info**-sigblad **by** die *Type*-tabel te voeg. **Moenie** 'n tweede tabel skep nie. (2)
- 7.2.2 Maak **frmType** oop om die volgende te doen:
- Skep 'n valideringsreël (*validation rule*) in die *StartDateBeginDatum*-veld om slegs datums sedert die begin van 2018 in te voer. (2)
 - Gebruik voorwaardelike formatering (*conditional formatting*) in die *AmountBedrag*-veld om die waardes te vergelyk. Vertoon 'n groen balk (*bar*) saam met die waarde om die vergelyking aan te dui. (3)
 - Bereken die totale bedrag wat alle beïnvloeders (*influencers*) in die databasis verdien het deur 'n toepaslike funksie en etiket in die voetskrif van die vorm in te voeg. (3)

[17]

GROOTTOTAAL: 150